Hoofstuk 12

Johannes Lodewicus Pretorius (c3)

(c. 1717 – 1779)

Oriëntasie

Johannes[1] is omstreeks 1717 gebore en is oorlede in 1779 toe hy nagenoeg 82 jaar oud was. Hy was 'n boer.

Toe Johannes 23 jaar oud is, trou hy in 1740 met die 17-jarige Anna[2] Botha. Anna is omstreeks 1723.

Johannes en Anna het 10 kinders gehad.

Genealogiese gegewens

c3 **PRETORIUS, Johannes Lodewicus**: *c. 1717[3]; ≈Paarl 22.8.1717[4]; †Waveren 22.8.1779[5].

x Drakenstein 18.9.1740[6]: **BOTHA, Anna Sophia**[7]: *c. 1723[8]; ≈Drakenstein 10.10.1723[9]; †Onbekend.
Dogter van Johannes Botha en Anna van der Merwe.

Jeug

Johannes Pretorius is op 22 Augustus 1717 in Drakenstein (Paarl) gedoop en dit word dus beraam dat hy omstreeks 1717 gebore is. Hy was die derde en jongste kind van Lodewyk Pretorius en Maria Rossouw en sy vader is omstreeks 1718, toe Johannes maar 'n jaar of wat oud was, oorlede. Sy moeder se tweede huwelik was met Charl Marais met wie sy omstreeks 1720 trou en wat seker die enigste vader was wat Johannes geken het. Johannes het heel waarskynlik op sy pa en stiefpa se plaas Rust-en-Werk in die Wyk Daljosafat van die Distrik Drakenstein (Paarl) opgegroei.



Doop van Johannes: Paarl 22.8.1717
"Johannis, Lodowicus, Soon van Lodowicus Pretorius en Maria Roussouw. Getuigen Daniel Hugot en Anna Roussouw"

Toe Johannes 23 jaar oud is, trou hy op 18 September 1740 in die Paarl met Anna Botha en hulle was vir byna 39 jaar getroud. Anna was 17 jaar oud toe hulle getroud is.



Huwelik van Johannes en Anna: 18 September 1740
"18 Sep.te Johannes Lodewyk Pretorius van Cabo de Goede Hoop Burger aan Drakenstein J. M. (jongman) en Anna Sophia Botha van Cabo Voor: J. d. (Jongedogter)"

Anna Botha was die dogter van die vyfde kind van die Botha stamouers, Johannes Botha, en die derdegeslag Anna van der Merwe. Sy is in die Paarl gedoop op 10 Oktober 1723 en dit word beraam dat sy omstreeks 1723 gebore is. Sy was die tweede van tien kinders.



Doop van Anna: Paarl 10.10.1723
"Anna, Sophia, Doghter van jan Bota en Anna van Merven. Getuijgen Willem Schalk Van Der Merven"

Woonplekke

Daar is reeds aangetoon dat Johannes waarskynlik aanvanklik op Rust en Werk in die Wyk Daljosafat van die Distrik Drakenstein woonagtig was. Na sy huwelik doop hulle twee van die kinders te Drakenstein, maar die res te Tulbagh. Dat die eerste twee kinders in Drakenstein gedoop is, mag moontlik daarmee saamhang dat die gemeente te Tulbagh eers in 1743 gestig is.

In die Pretorius geslagsregister word soos volg geskryf: "Rustig woon hierdie gesin vir die volgende dertig jaar in die Franshoek-vallei waar al tien hul kinders gedoop word, die oudste twee in die gemeente van Paarl en die ander agt in die Tulbagh gemeente."[10] Dit is egter te betwyfel of hulle in die Franschhoek vallei gewoon het en dan hulle kinders in Tulbagh sou gedoop het. Die moontlikheid lyk groter dat hulle in die Tulbagh omgewing - die Land van Waveren - gewoon het.

Soos hieronder aangetoon, was Johannes se naam in 'n stadium met die plaas Rustenburg in die Land van Waveren verbind. Op 22 April 1749 is Johannes die mede-opsteller van die inventaris van Jacobus du Preez van Twee Jongegezellen[11]. Die moontlike ligging van Rustenburg is naby of aangrensend aan Twee Jongegezellen. Soos hieronder aangedui, was Rustenburg teen daardie tyd in Johannes se eie of sy stiefvader se besit.

In 1771 onderteken Johannes en Anna 'n testament op in die Land van Waveren en op 9 Julie 1779 vul hulle dit aan in die Camdeboo. In die Pretorius geslagsregister word die afleiding gemaak dat Johannes en Anna Pretorius met hul gesin tussen die jare 1771 en 1779 die Boland verlaat het en in die Camdeboo ingetrek het. Daar word ook gemeld dat Johannes volgens sommige van die nageslag begrawe is te Pretoriuskloof.

Die Kamdeboo is 'n streek, grotendeels in die Oos-Kaap geleë, wat by benadering die gebied tussen Graaf-Reinet, Pearston, Somerset-Oos, Jansenville, Willowmore en Aberdeen insluit. Pretoriuskloof/Glen Cullen is suid van Cradock geleë in die latere Wyk Baviaansrivier van die Distrik Somerset en aangrensend aan die plaas Glen Lynden[12].

Soos elders aangedui word Johannes se sterfplek egter in die amptelike sterfregister aangedui as in die Land van Waveren. In dieselfde register is Mev. Margaret Cairns van mening dat die egpaar hulle lewe in die Land van Waveren deurgebring het[13].

Die twee verwysings na ‘n sterfplek mag egter nie teenstrydig wees nie, aangesien die mense wat na die omgewing van die latere Distrik Graaff-Reinet getrek het, nog van die dienste in die Land van Waveren gebruikgemaak het.

Eiendom

Johannes se pa, Lodewyk, het met sy dood in 1718, die plase Rustenburg in die Land van Waveren (Tulbagh) en Rust en Werk in Drakenstein besit en dit is oorgedra aan sy weduwee. Normaalweg sou die plase dan by ’n tweede huwelik oorgaan op die naam van die nuwe eggenoot. Hoe die proses in hierdie geval verloop het, is nie duidelik nie. Johannes se stiefpa, Charles Marais en sy ma, Maria Rossouw, het onder andere ’n seun Johannes Stephanus Marais gehad – ’n stiefbroer van Johannes. Hierdie stiefbroer is omstreeks 1774 oorlede en in sy inventaris word verwys na die plaas Rustenburg. (Daar is ’n bespreking oor die plaas in Hoofstuk 11.) Die stiefbroer se inventaris gee Rustenburg op as deel van sy bates en dui aan dat die plaas van Johannes Lodewyk Pretorius gekoop is, maar oordrag nog nie geneem is nie[14]. Die beskrywing in die twee inventarisse lees soos volg:
“1 stuk lands geleegen in 't Land van Waveren, zijnde door den vorigen edele heer gouverneur Van der Stel aan wijlen den landbouwer Louw Pretorius bij een simpel briefje in eijgendom vergunt geworden, en indiervoegen bij verkoop thans aan den overleeden in bezit geraakt van den meede landbouwer Johannes Lodewijk Pretorius, dog voor als nog niet wettig getransporteerd.”
“Een plaats ofte hofsteede geleegen in 't Land van Waveren, zijnde een geweesene Comp:s post, van den landb:r Joh:s Lodevicus Pretorius gekogt en aan denzelven betaalt, dog voor als nog niet getransporteerd.”

Die gegewens hierbo dui daarop dat **Rustenburg** in Johannes se besit was en dat hy dit een of ander tyd aan sy stiefbroer verkoop het, maar in alle geval voor September 1774. ‘n Bespreking oor die ligging van Rustenburg kom voor in die vorige hoofstuk en die gegewens dui daarop dat dit naby of aan die Klein Bergrivier geleë was.

By die dood van Johannes se sesde kind Willem, word aangedui dat hy aan die Breërivier gebore is in 1751[15].

Op 20 Februarie 1769 word “… de drie fonteijnen (**Driefontein**) agter de Wageboomsberg …” aan ’n Johannes Lodewyk Pretorius toegeken[16]. Volgens die bewoording van die dokument is die plaas toegeken aan Johannes Lodewyk Pretorius, die seun van Johannes Lodewyk. Johannes se seun Johannes Lodewikus sou in daardie stadium nagenoeg 20 jaar oud gewees het en dit kom voor asof die plaas aan hom toegeken is.

Daar is twee opgaafrollle vir Johannes beskikbaar:

- In die opgaafrol van Drakenstein vir 1741 word aangedui dat hy ’n perd. 20 beeste, 100 skape, ‘’n snalhaan (geweer), pistool en degen (swaard) besit[17].
- In die opgaafrol van Drakenstein vir 1761 word aangedui dat daar vier seuns en twee dogters is en dat Johannes 4 slawe, 6 perde, 24 beeste, 150 skape en dieselde wapens as hierbo, besit[18].

Kerk

Tot 1743 doop die egpaar hulle kinders in Drakenstein en sedert 1745 te Tulbagh in die Land van Waveren.

Die gesin

Johannes en Anna het tien kinders gehad waarvan een seun vroeg oorlede is en ’n ander seun liggaamlik gestremd was. Die Pretorius bevolking in die Kaap vir die volgende 100 jaar word hoofsaaklik gevorm uit die nageslag van Johannes en Anna se vyf seuns. Johannes Lodewikus, Willem en Carel (Sarel) was pioniers van die Oos-Kaap. Hendrik Stephanus en Petrus Jacobus is pioniers in die bo-Karoo. Hulle was getrou aan die Britse koloniale regering as gevolg van hulle konserwatiewe en godsdienstige opvattings.[19] Die kinders was soos volg:

- Anna Maria getroud met David Schalk van der Merwe.
- Johannes Lodewyk wat jonk oorlede is.
- Magdalena getroud met Willem Louw en daarna met Johannes Booysen.
- Martha Sophia getroud met Roelof van Heerden.

- Johannes Lodewikus getroud met Anna Sophia Oberholster.
- Willem getroud met Engela Elisabeth Smit.
- Carel getroud met Dorothea Combrink (Doortje Kammerling).
- Hendrik Stephanus getroud met Geertruyda Grobbelaar, later bekend as Geertruida Catharina. In Anna se testament in 1780 bemaak sy die slaaf Sarel van die Kaap aan Hendrik Stephanus omdat hy liggaamlik gestremd is en steeds hulp nodig het[20].
- Petrus Jacobus agtereenvolgens getroud met Johanna Adriana Pretorius en Maria Elisabeth Kruger.
- Hester getroud met Carel van der Merwe en daarna met Jonathan van Aswegen

Laaste lewensjare

Johannes en Anna maak op 27 Februarie 1771 'n testament[21] in die Land van Waveren en heg 'n addendum aan die testament. Hulle bemaak ƒ25 aan die kerk te Waveren (Tulbagh) en vermaak die boedel aan die langslewende. Daarmee saam maak hulle voorsiening vir die versorging en opvoeding van die kinders. Hulle volg hierdie bepalings oor die kinders op in 'n verdere testament[22] van 9 Julie 1779, bietjie meer as 'n maand voor Johannes se sterfte.

Johannes is op 22 Augustus 1779 oorlede en word oorleef deur sy vrou. In die Pretorius geslagsregister word aangedui dat hy in die Camdeboo oorlede is en dat hy volgens sommige van die nageslag begrawe is in Pretoriuskloof suid van Cradock, maar die amptelike aanduiding is dat hy in die Land van Waveren gesterf het[23]. Die twee verwysings na 'n sterfplek mag egter nie teenstrydig wees nie, aangesien die mense wat na die omgewing van die latere Graaff-Reinet getrek het, nog van die dienste in die Land van Waveren gebruikgemaak het. Beide die bogenoemde testamente word op 26 Oktober 1779 ingedien by die Weesheer.

Op 18 Januarie 1780 maak Anna 'n testament in die Kaap[24]. Sy bemaak eerstens aan haar dogter Anna Maria, wat getroud is met David Schalk van der Merwe 'n slavin Hermina van die Kaap en ƒ1000. Dit doen sy omdat sy in moeilike tye en na verwagting tot haar dood by Anna Maria kon inwoon. In Anna se testament bemaak sy ook die slaaf Sarel van die Kaap aan Hendrik Stephanus omdat hy liggaamlik gestremd is en steeds hulp nodig het. Daarna bemaak sy die oorblywende deel van die boedel in gelyke dele aan die kinders.

[1] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[2] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[3] Afgelei van doopdatum.
[4] TAB FK 2186.
[5] KAB MOOC 6/1 Vol. 2. In die Pretorius geslagsregster word aangedui dat hy in die Camdeboo oorlede is en dat hy volgens sommige van die nageslag begrawe is in Pretoriuskloof in die Graaff-Reinetdistrik. Pretorius, M E bygestaan deur Pretorius, Andre. 1992. *Pretorius oor Drie Eeue: 1600 – 1900*. Barkly-Oos: Privaat uitgegee. Bl. 567 en 569. Daar is spesifiek in die sterfregister 6/1 Vol. 2 nagegaan dat aangeteken is dat hy in Waveren oorlede is. Inligting verstrek deur mev. Margaret Cairns uit KAB MOOC 6/1, bl. 156 (dieselfde register) dui ook op Waveren as sterfplek. Die twee verwysings na 'n sterfplek mag egter nie teenstrydig wees nie, aangesien die mense wat na die omgewing van die latere Graaff-Reinet getrek het, nog van die dienste in die Land van Waveren gebruikgemaak het.
[6] TAB FK 2196.
[7] KAB MOOC 7/1/27 Verw. 1 en 2 dui aan dat die testamente vir Johannes Lodewicus Pretorius en Anna Sophia Botha opgestel is in 1771 en 1779 en albei liasseer is in 1779. Daar is ook 'n Anna Sophia Botha wat getroud was met Willem Janse van Rensburg maar hierdie Anna Sophia is nie dieselfde as die eersgenoemde een nie: Haar testamente is opgestel in 1789 en liasseer in 1808 – KAB MOOC 7/1/55 Verw. 6 en KAB CJ 2681 Verw. 20.
[8] Afgelei van doopdatum.
[9] TAB FK 2186.
[10] Pretorius, M E bygestaan deur Pretorius, Andre. 1992. *Pretorius oor Drie Eeue: 1600 – 1900*. Bl. 567.
[11] KAB MOOC 8/7. Verw. 2a.

©R. J. du Preez

[12] Le Roux, J. G., Niemandt J.J., Olivier, Mariana en Olivier, Ronel. 2007. *Bewaarders van ons Erfenis: Somerset (Oos).* (Versprei deur die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika.) Bl. 21 en 24**.**

[13] Pretorius, M E bygestaan deur Pretorius, Andre. 1992. *Pretorius oor Drie Eeue: 1600 – 1900.* Barkly-Oos: Privaat uitgegee. Bl. 571.

[14] KAB MOOC 8/15. Verw. 7a en 7b.

[15] KAB MOOC 6/9/10. Verw. 1957.

[16] KAB RLR 20/2. Bl. [174].

[17] KAB A2250. Opgaafrolle: Universiteit van Wes-Kaapland.

[18] KAB A2250. Opgaafrolle: Universiteit van Wes-Kaapland. Daar was ook ander persone waarna die opname dalk kon verwys,maar daar is nagegaan dat die hoeveelheid kinders aangetoon in die opgaafrol ooreenstem met die hoeveelheid wat destyds aan huis van Johannes moes gewees het.

[19] Pretorius, M E bygestaan deur Pretorius, Andre. 1992. *Pretorius oor Drie Eeue: 1600 – 1900.* Bl. 569.

[20] KAB CJ 2675. Verw. 50.

[21] KAB MOOC 7/1/27. Verw. 1.

[22] KAB MOOC 7/1/27. Verw. 2.

[23] KAB MOOC 6/1 Vol. 2. In die Pretorius geslagsregster word aangedui dat hy in die Camdeboo oorlede is en dat hy volgens sommige van die nageslag begrawe is in Pretoriuskloof in die Graaff-Reinetdistrik. Pretorius, M E bygestaan deur Pretorius, Andre. 1992. *Pretorius oor Drie Eeue: 1600 – 1900.* Barkly-Oos: Privaat uitgegee. Bl. 567 en 569. Daar is spesifiek in die sterfregister 6/1 Vol. 2 nagegaan dat aangeteken is dat hy in Waveren oorlede is. Inligting verstrek deur mev. Margaret Cairns uit KAB MOOC 6/1, bl. 156 (dieselfde register) dui ook op Waveren as sterfplek. Die twee verwysings na 'n sterfplek mag egter nie teenstrydig wees nie, aangesien die mense wat na die omgewing van die latere Graaff-Reinet getrek het, nog van die dienste in die Land van Waveren gebruikgemaak het.

[24] KAB CJ 2675. Verw. 50.